# H.G. Stoker se gedagtes oor die gemeenskapsuniversiteit[1]

*Morné Diedericks*
*Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies*
*Pretoria*
*morne.diedericks@aros.ac.za*

*Ferdinand J. Potgieter*
*Skool vir Opvoedkundestudies*
*Fakulteit Opvoedingswetenskappe*
*Noordwes-Universiteit*

## Opsomming

*Die oorspesialisering binne universiteite het die taak van 'n universiteit verander. Die artikel toon aan dat talle universiteite nie meer bekend kan staan as universiteite nie, maar eintlik multiversiteite genoem moet word. Die term multiversiteite verwys na opleidingsinstellings wat nie onderrig vanuit 'n eenheidsbeginsel (uni) nie, maar onderrig vanuit 'n veelheidsbeginsel (multi), wat multi-etosse en multi-benaderings het. 'n Eenheidsbeginsel is 'n opleiding wat een doel en een identiteit nastreef byvoorbeeld 'n Christelike universiteit. Die beoefening van Christelike wetenskap is nie moontlik binne 'n multiversiteit nie en net so kan 'n multiversiteit ook nie in diens staan van 'n bepaalde gemeenskap nie. Dit veroorsaak by sommige Christelike akademici die noodsaak om weer te vra wat die taak van die universiteit is, anders as die taak van 'n multiversiteit. Professor H.G. Stoker het in sy lang akademiese loopbaan 'n helder idee ontwikkel oor die taak van 'n universiteit. Stoker lig veral twee take van die universiteit uit: Dat die universiteit vanuit 'n eenheidsbeginsel*

1 Hoewel Stoker nie gepraat het van 'n gemeenskapsuniversiteit nie, maar eerder van 'n volksuniversiteit, is sy gedagtes hermeneuties toegepas op die relevante terme van die tyd.

*moet onderrig en dat die universiteit in diens moet staan van 'n bepaalde gemeenskap. Die huidige krisis van die universiteitswese is 'n krisis wat Stoker al in* 1969 *in sy boek* Beginsels en Metodes in die Wetenskap *aangeraak het en Stoker bied 'n goeie raamwerk aan huidige Christelike akademici om die taak van die universiteit in die 21ste eeu te bedink.*

## 1. Inleiding

Volgens Stoker (1969a:16) het elke tydsgewrig 'n universiteit wat by hom pas. Ons kan hierdie stelling van Stoker bietjie aanpas en sê elke gemeenskap het 'n universiteit wat by hom pas. Dus wat beteken dit vir die Afrikaanse gemeenskap en sy denke oor die universiteit? Afrikaanse staatsuniversiteite is aan die kwyn, maar daar is duidelik 'n opkoms van Afrikaanse privaat opleidingsinstellings die laaste paar jaar.[2] Dit beteken dat die Afrikaanse gemeenskap besig is om te kwyn in die staat, maar dat daar 'n opkoms is onder die Afrikaanse gemeenskap in die private sektor.

Die opkoms van Afrikaanse opleiding binne die privaatsektor noodsaak 'n deeglike ondersoek na die wese van 'n universiteit. Die opkoms van enige Afrikaanse instelling gaan natuurlik nie sonder teenkanting van die staat geskied nie. Opmerkings soos dié van die minister van hoër onderwys, Blade Nzimande, dat hy Afrikaanse instellings sal toemaak, getuig hiervan (Nel, 2014). Die ideologie van transformasie, wat alle instellings gelyk wil stel aan die land se demografie, is die wyse waarop die regering sy doel van verstaatliking bereik. Die ideologie van transformasie wat saam met woorde soos gelykheid vir alle mense gebruik word, veroorsaak 'n duidelike onderdrukking van diversiteit en uitwissing van diversiteit. Dermate so dat geen Afrikaanse universiteit deur die huidige regering geduld word nie (Goosen, 2014).

As gevolg van die regering se transformasiebeleid het Afrikaanse universiteite in die verlede die Afrikaanse karakter van die universiteit probeer behou deur tweetalig te word. Giliomee (2014:586-592) toon egter aan dat alle voormalige Afrikaanse universiteite wat die weg van tweetaligheid gegaan het, Afrikaans as taal afgegee het. Dit blyk dat Afrikaans binne staatsuniversiteite op die lang termyn nie sal kan standhou, indien die staatsuniversiteite deur staatsubsidie gedra word nie, omdat die staat met sy staatsubsidie moontlik die transformasie van universiteite kan eis.

2 Volgens die Helpende Hand Skole Navorsingsverslag (2014:5) het privaatonderwys vanaf die jaar 2000-2012 meer as verdubbel.

## 2. Die huidige krisis binne universiteite

Wat is ŉ relevante universiteit vir die 21ste eeu? Botman (2011:21) skryf dat ŉ relevante universiteit een is wat sy wetenskap aanwend in diens van die gemeenskap, sodat die wêreld ŉ beter plek kan wees. Vanuit hierdie stelling van Botman moet egter fyner onderskei word op die vrae: Wat word bedoel met wetenskap? Wat is ŉ gemeenskap? En wat gaan die wêreld ŉ beter plek maak? Volgens Heyns (2013:3) word die huidige universiteite globaal, maar ook in Suid-Afrika gekenmerk deur die onduidelike grense tussen die staat, industrie en akademie. Dit het daarom, volgens hom, weer noodsaaklik geword dat ons oor die doel en taak van ŉ universiteit moet besin. Venter (1978:35-36) identifiseer drie take van ŉ universiteit:

- Opvoedkunde op ŉ totalitêre wyse, dus die gedwonge vorming van ŉ mens se hele lewe.
- Lewer ŉ diens aan ŉ gemeenskap.
- Streng wetenskaplike opleiding.

Volgens Heyns (2013:8) lei die verskraling van die universiteit, (tot slegs een of twee van die bogenoemde punte) tot ŉ verarming in die verstaan van die universiteit. Die taak van ŉ universiteit is gebind in die vraag na die wese van die universiteit, dus die ontiese binding van die universiteit. Correia (2014) toon aan dat die wese van die moderne universiteit as't ware verander het in ŉ pluralistiese universiteitsidee wat die wese van die universiteit verander het in ŉ multiversiteit. Clark Kerr (2001[1966]:18) begin in die laat 1900's te praat van die moderne universiteit as die multiversiteit. Hierdeur bedoel Kerr dat die universiteite nie meer ŉ eenheidsbinding (uni) het wat as basis dien vir die universiteit se etos nie, maar dat universiteite multiversiteite geword het, wat multi-etosse en multi-benaderings het.

Volgens Glanzer (2012:21) kan publieke universiteite vandag nie meer bekend staan as universiteite nie, "because public *universities* have no unifying core of knowledge or identity that can provide students with moral wisdom for life." Deurdat publieke universiteite geen "uni" of eenheidsbeginsel het waaruit hulle studente onderrig nie, maar "multi-beginsels" het, het meeste, indien nie alle publieke sekulêre universiteite in Suid-Afrika verander in multiversiteite. ŉ Universiteit wat nie lig kan werp op die doel van die lewe nie, kan volgens Glanzer (2012:22) nie ŉ student se karakter ontwikkel nie en ŉ student sonder karakter kan nie tot diens staan van ŉ gemeenskap nie.

Schindler (2013:77) toon aan dat die moderne universiteit met sy multi-benadering verval in spesialisering van wetenskap en dat hierdie spesialisering lei tot fragmentering binne die universiteit. Dit is egter

nie nuut dat universiteite vandag grootliks gespesialiseerd is nie. Dit is volgens Schindler (2013:78) ’n aspek wat al in die 1960’s uitgewys is. Die probleem wat akademici soos MacIntyre (2006), Marion (2013) en Schindler (2013) aantoon is dat die gevolge van spesialisering en fragmentering die universiteit se sin vir gemeenskap verwoes het. As ’n student dus nie weet wat ’n gemeenskap is nie, hoe kan ’n student sy diens tot ’n gemeenskap aanwend? Die universiteite se wesenstaak om in diens van ’n gemeenskap te wees, word ’n diens aan die gemeenskap, ’n wêreldgemeenskap met multi-etosse, multi-benaderings, multi-religiositeite en multi-kulture. Die probleem is egter dat hierdie multiversiteite met hulle “alles vir almal” visie op die ou end “niks vir niemand” is nie.

Binne die Afrikaanse gemeenskap is die vraag oor die wese van die universiteit tans ook onder bespreking en die huidige debat oor of die Noordwes Universiteit (NWU) se Potchefstroom-kampus primêr Afrikaans moet bly getuig daarvan. Goosen (2014) skryf in sy artikel oor “Afrikaanse universiteit en ’n plurale demokrasie”:

> Die meerderheidsregering is “besig om stukkie vir stukkie die ware grondslae van die plurale demokrasie te vernietig. En ons (die Afrikaanse gemeenskap) steeds vaster aan die greep van die totalitêre gees te bind.”

In hierdie artikel verduidelik Goosen dat die staat die universiteite gebruik om sy ideologie van verstaatliking te bereik. Malan (2014:465) verduidelik dat verstaatliking ’n ideologie is wat met die moderne territoriale staat vereenselwig word. Malan (2014:466) verduidelik dat verstaatliking verwys na die territoriale staat met ’n enkele grootliks industriële ekonomie wat oor die hele staatsgebied strek en ooreenkomstig die staatlike ideologie ingerig word. Die ideologie wettig die afdwing van ’n enkele staatswye homogene nasie en die eentaligheid van ’n enkele oorheersende taal (staatstaal) tot die nadeel van ander tale. ’n Voorbeeld van verstaatliking is die apartheidsregering wat deur middel van die staat se wetgewing een oorheersende kultuur en een oorheersende taal op ander kulture en ander tale afgedwing het.

Die ideologie van verstaatliking hou volgens Malan (2013:464) ’n enorme bedreiging in vir die voortbestaan van minderheidstale en minderheidsgemeenskappe. Die rede vir hierdie bedreiging meen Malan is omdat die verstaatliking as oorheersende taal vir al die hoër taalfunksies van die ekonomie, politiek, regering, die professies en die hoër- en beroepsonderwys gebruik, terwyl die minderheidstale slegs vir die sosiale en private en moontlik vir godsdienstige en laer onderwys aangewend word. Die gevolg is dat die minderheidstale aan domeinverlies ly omdat dit al minder as hoëfunksietaal gebruik word.

Die kommer binne die Afrikaanse gemeenskap is dat hierdie domeinverlies van Afrikaans as hoëfunksietaal al meer sigbaar word. Giliomee (2014:572) verduidelik in sy artikel "Die troebel toekoms van die Afrikaners en Afrikaans" dat Afrikaans die laaste dekade veral gefloreer het op kultuur- of woordfeeste, in die publikasies van fiksies en op KykNet. Giliomee (2014:586-592) toon egter aan dat Afrikaans ernstig grond verloor op universiteitsvlak. Die rede wat hy vir hierdie agteruitgang aanvoer is die onwilligheid van senior akademici, universiteitsbesture en universiteitsrade om vir die taal op te staan. Giliomee (2014:573) sê: "Dit is nie meer vergesog om die moontlikheid te voorsien dat die Afrikaners as etniese groep en Afrikaans oor die medium termyn as openbare taal kan verdwyn nie."

May (2001:1-2) se verduideliking van die effek van tweetaligheid binne een instelling bied ŉ belangrike perspektief op die rede waarom Afrikaans as tersiêre taal by die voormalige Afrikaanse universiteite in Suid-Afrika so drasties verminder en verswak het. Volgens May (2001:1) bly albei tale gedurende die tweetalige fase voorlopig naas mekaar bestaan. Dit word egter gekenmerk dat die minderheidstaal of die onderhorige taal geleidelik daal in getal sprekers en dat die sprekers van die onderhorige taal algaande minder vloeiend praat namate die onderhorige taal geleidelik minder en minder in die taaldomeine gebruik word. Die onderhorige taal se gehalte van taalgebruik verswak soos wat al hoe meer woorde en frases van die oorheersende taal in die onderhorige taal ingevleg word. Die sprekers van die minderheidstaal probeer so goed as moontlik die dominante taal bemeester, wie se ekonomiese opgang van behoorlike beheer van die dominante taal afhanklik is. Die gevolg is dat die sprekers van die minderheidstaal hul eie taal maklik verwaarloos en daardeur verswak. Uiteindelik word die onderhorige taal toenemend deur die oorheersende taal verplaas.

Die onderdrukking van taalminderhede deur ŉ dominante taal veroorsaak ŉ krisis onder Afrikaanse geledere. Op hierdie krisis van die universiteit, bied Stoker ŉ bepaalde perspektief wat grondige toeligting bied en ook ŉ moontlike raamwerk van waaruit hierdie krisis in die 21ste eeu aangespreek kan word. In wat volg, gaan ons kyk na Stoker se beskrywing van die krisis van die universiteit, wat die taak van die universiteit behoort te wees, Stoker se perspektief op die Calvinisme as eenheidsbeginsel van die universiteit en laastens na Stoker se denke rondom die gemeenskapsuniversiteit en die belangrike rol wat oopheid in die universiteit speel. Maar eers gaan ons kyk na die geskiedenis wat Stoker se denke van ŉ universiteit gevorm het.

## 3. Geskiedenis van die Vrye Universiteit van Amsterdam en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Om Stoker se universiteitsidee te verstaan moet die stigtingsgeskiedenis van die Vrye Universiteit van Amsterdam (VU) en die van die Potchefstroom se Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) verstaan word. Persone wat ŉ groot invloed op Stoker se denke gehad het, was onder andere Abraham Kuyper en Herman Bavinck. Kuyper was die stigter van die Vrye Universiteit van Amsterdam (1880) en Bavinck is later aangestel by die VU (1889) (Bremmer, 1966:62).

Stoker (1930:3) voer die ontstaan van die VU terug na Bilderdijk wat reeds in 1817 die beginsels van die Christelike benadering tot wetenskap verkondig het. Bilderdijk het volgelinge soos Da Costa en Groen van Prinsterer rondom hom vergader. By die volgelinge, onder die invloed van Bilderdijk, het die idee van ŉ selfstandige Christelike inrigting vir hoër onderwys ontstaan. In 1850 het Groen van Prinsterer en sommige van sy vriende in Wormser die Christelike Gereformeerde Seminarium te Amsterdam opgerig. Groen van Prinsterer het weer op sy beurt ŉ groot invloed gehad op denke van Abraham Kuyper, die stigter van die VU. In 1864 het Groen van Prinsterer met Kuyper as Nederlandse Reformatoriese teoloog begin korrespondeer. Kuyper se denke was sterk beïnvloed deur Groen van Prinsterer se idees. Hierdie korrespondensie het Kuyper en sy ondersteuners in beweging gesit om ŉ selfstandige Christelike universiteit in die lewe te roep, "waarin God se Woord in alle wetenskappe in ere gehou sal word" (Stoker, 1930:3).

Op 20 Oktober 1880 is die VU amptelik gestig. Abraham Kuyper, die eerste rektor van die VU, open die universiteit met sy bekende rede "Soewereiniteit in eie kring". Die VU was ŉ inrigting wat vry van staat en kerk gestaan het. Volgens Stoker (1930:3) was die doel van die inrigting om die openbaring van God en die soewereiniteit van God oor alle terreine van die lewe en sfere van die kosmos te erken. "ŉ Inrigting waarvan verwag word mettertyd nie alleen Skrifgetroue predikante nie, maar ook regters, advokate, staatsmanne, wysgere, taalgeleerdes, opvoeders, onderwysers, geneeshere en natuurnavorsers aan die volk te gee wat buig voor die Woord van God en wat die inhoud van hul wetenskap asook die roeping van hul lewe deur die lig van Christus laat skyn. Want so alleen kan die Christendom ŉ suurdeeg in die volkslewe wees" (Stoker, 1930:3).

Met hierdie blik op die geskiedenis en stigterdoel van die VU het Stoker die VU as ŉ baken gesien vir die PU vir CHO. Stoker het in 1910 sy skoolloopbaan

voortgesit by die eerste Afrikaanse Hoërskool in Suid-Afrika, Potchefstroom Gimnasium. Hier is Stoker deur die onderrig van J.D. du Toit (Totius) blootgestel aan die denke van onder andere Bavinck. Totius het self studeer by die VU gedurende 1900-1902 (Schutte, 2005:669). Schutte (2005:364) toon aan dat die PU vir CHO die VU jarelank beskou het as ŉ voorbeeld en ook in die spore van die VU probeer loop het. Schutte (2005:669) lys etlike studente wat vanuit Suid-Afrika gaan studeer het by die VU en later ook betrokke geraak het by die PU vir CHO.

Die Potchefstromers het baie opgesien na die stigters van die VU en hulle gesien as die toppunt van geleerdheid. Iemand soos Totius het byvoorbeeld vir Stoker aangemoedig om onder Herman Bavinck te gaan studeer, maar net voor Stoker vertrek het om onder Bavinck te gaan studeer, het Bavinck gesterf. So het Stoker homself in 1922 in Nederland bevind sonder ŉ akademiese heenkome. Letterlik van bakboord na stuurboord moes hy rondval om ŉ geskikte akademiese tuiste te vind, totdat Stoker geëindig het by die beroemde Duitse filosoof Max Scheler in Keulen. Stoker voltooi sy doktorale graad in 1924 met lof oor die tema *Das Gewissen* (Die Gewete).[3]

Al het Stoker nie sy studies by die VU voltooi nie, was hy volgens Schutte (2005:367) "een volbloed bewonderaar" van die VU en tree hy ook na sy aftrede as ŉ gasdosent by die VU op. Met die vyftigjarige feesviering van die VU skryf Stoker (1930:3) die volgende oor die karakter van die VU: "Hier vind u die akademiese verwesenliking van die Calvinisme as ŉ universele stelsel, die uitwerking van die Calvinistiese idee van die eenheid van die wetenskap, en ŉ universiteit, vry van staat en kerk, as ŉ volksinstelling gedra deur die calvinisties gelowiges in die land."

Die PUK vir CHO (*Het Potchefstroom Universiteitskollege voor Christelijke Hooger Onderwijs*) het hulleself in 1935 gesien as ŉ stigting van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika (Raad van die P.U.K. vir C.H.O., 1935:7). Die PU vir CHO het ontwikkel vanuit die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika se Teologiese Skool. Die Teologiese Skool is gestig op 29 November 1869 op Burgersdorp (Van der Vyver, 1969:19). In 1877 is die Letterkunde departement gestig, die departement het die doel gehad om onderwysers op te lei (Van der Vyver, 1969:35). Die Teologiese Skool en die Letterkunde departement het albei van Burgersdorp na Potchefstroom verskuif (Van der

3 Die beroemde Duitse filosoof Heidegger verwys ook na Stoker se doktorale studie in sy werk *Sein und Zeit* (Being and Time). Heidegger sê dat Stoker se werk 'n ryk verskeidenheid van die verskynsels van die gewete belig en ook dat dit krities 'n verskeidenheid verskillende moontlike metodes van benadering en bestudering van die gewete aantoon (Heidegger, 1962:495).

Vyver, 1969:83). Ten einde te kwalifiseer vir staatsubsidies is die Letterkunde departement en die Teologiese Skool in 1919 van mekaar geskei en het die *Het Potchefstroom Universiteitskollege voor Christelijke Hooger Onderwijs* (afgekort tot PUK) ontstaan. Die PUK is in 1921 geïnkorporeer by die Universiteit van Suid-Afrika en in 1933 kry die PUK die CHO (Christelike Hoër Onderwys) as deel van sy naam (Van der Vyver, 1969:218).

Stoker is by die PUK in 1925 as dosent in wysbegeerte aangestel. Stoker dink en skryf veral in sy eerste paar jaar by die PU vir CHO oor die idee van ŉ universiteit. Die PU vir CHO het in die vroeë jare van sy bestaan talle stukke oor sy identiteit geskryf. Binne die modernistiese denke was die gedagte van ŉ Christelike universiteit ŉ vreemde verskynsel. Stoker skryf byvoorbeeld in die eerste paar jare as dosent by die PU vir CHO die volgende artikels:

- Calvinisme, wetenskap, universiteitswese en die Vrije Universiteit in Amsterdam (1930)
- Calvinisme en die universiteitswese (1932)
- A Self-Contradictory University (1933)
- Kweek die neutrale universiteit opportunistiese volksleiers? (1934)
- Waarom wil die P.U.K. vir C.H.O. ŉ Christelike universiteit wees? (1935)

Stoker se denke oor die universiteit en die taak van die universiteit het egter voordurend bly ontwikkel. Stoker het vanaf 1964 na die stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap te Pretoria begin om die gedagte van ŉ ontiese oopheid binne ŉ Christelike universiteit uit te bou (Raath, 1994:539). Stoker se ryp denke oor die eenheidsgrondslag van die universiteit kom veral sterk na vore in sy oopheidslesings tydens sy ereprofessorale benoeming in 1981 by die RAU. Stoker se oopheidslesing het onder andere gehandel oor ‘oopheid’ met betrekking tot eenders- en anderskennendes; ontiese oopheid; harte-oopheid, historiese oopheid, en sosiale oopheid.

## 4. Stoker en die gemeenskapsuniversiteit

### *4.1 Stoker se beskrywing van die krisis van die universiteit*

Stoker werk in 1969 in sy boek *Beginsels en Metodes in die Wetenskap* die krisis van die universiteit uit. Stoker (1969a:13) dui aan dat die natuurwetenskappe in die negentiende eeu ŉ prominente plek ingeneem het, maar dat die aansien in geesteswetenskappe gedaal het. Navorsing het al meer die besondere taak van die universiteit beklemtoon, studente

moes leer om selfstandiger na te vors en spesialisasie het toegeneem. Beroepsopleiding het al meer die taak van die universiteit geword.

Die eerste krisis wat Stoker (1969a:16) identifiseer is spesialisasie. Met spesialisasie bedoel Stoker die kernfokus op slegs een bepaalde vakrigting in diepte, sonder kennis van die bepaalde plek wat die vakrigting inneem. Stoker (1969a:18) is nie teen spesialisasie nie, maar teen spesialisasie sonder die geheelbeeld van die wetenskap. Oorspesialisasie verbrokkel volgens Stoker die eenheid van die wetenskap as geheel en dit vernietig ook die eenheid van ŉ bepaalde probleem. Stoker (1969a:17) verduidelik byvoorbeeld dat die probleem van kommunisme, as gevolg van spesialisasie, eensydig aangespreek word en nie in sy geheel aan studente gekommunikeer word nie.

Verder verduidelik Stoker (1969a:17) dat spesialisasie as doel die band tussen wetenskap en lewens- en wêreldbeskouing vernietig. Eensydige oorspesialisasie ondermyn die persoonlikheidsvorming van die student. Vir die ontwikkeling van ŉ student se persoonlikheid is die integrasie van die gespesialiseerde kennis, met die wetenskap as geheel en ŉ lewens- en wêreldbeskouing ŉ vereiste. Stoker (1969a:22) sê dat studies vir studente al meer ŉ middel tot die slaag van eksamens geword het en nie meer ŉ middel tot die beter voorbereiding vir die lewe nie. Universiteite wat net fokus op spesialisasie en nie ook op die vorming van die student se lewe nie, ontwikkel volgens Stoker (1969a:17) “intellektuele barbare”. Stoker (1969a:23) sê dat die student wat uit ŉ oorspesialiseringsuniversiteit uitstap:

> trouens in die meeste gevalle geen egte student is nie, die student het geen egte studiesin nie, besef die sin en waarde van egte wetenskaplike vorming nie, studeer te min, studeer verkeerd, studeer onselfstandig, prop te veel kennis sonder insig in sy hoof in, ontwikkel te min kritiese sin, het te min besef van probleme, van egte probleme, van egte probleemstelling en probleemoplossing en van spannende worsteling met egte probleme.

Die tweede krisis wat Stoker uitwys binne die universiteite is professionalisme. Stoker (1969a:18) sien dat die eise van professionele vorming, wat toeneem, veroorsaak dat die akademiese vorming afneem. Met akademiese vorming bedoel Stoker die ontwikkeling van die student se akademiese vaardighede los van ŉ bepaalde beroep. Hierdie akademiese vorming vind ons vandag nog in talle universiteite en kolleges. Dordt College in die VSA. se studente begin byvoorbeeld nie dadelik te spesialiseer in ŉ rigting nie, maar al hulle studente begin met ŉ kern-kurrikulum, van die mediese studente tot die onderwysstudente.

Professionalisme beskryf Stoker (1969a:18) as die universiteit wat al meer ŉ "wetenskaplike fabriek" word, wat "deskundige materiaal" aan die samelewing moet lewer in die vorm van ekonome, ingenieurs, juriste, medici, natuurkundiges, ens. Professionalisme word dan volgens Stoker (1969a:18) die woekerwins van universiteite deur die verkoop van beroepsopleiding. Universiteite word besighede en studente word kliënte.

Hierdie krisisse wat Stoker beskryf, sê hy sal alleenlik neutrale universiteite tref en nie universiteite wat vanuit ŉ bepaalde lewens- en wêreldbeskoulike vertrekpunt of eenheidsbeginsel onderrig nie. Volgens Stoker (1935:25) is die grondprobleem van albei die krisisse (spesialisasie en professionalisme) neutraliteitsdenke binne die universiteit. Met neutraliteitsdenke bedoel Stoker universiteite wat opleiding bied, maar nie vanuit een bepaalde lewens- en wêreldbeskouing nie.

Stoker (1935:25) stel twee soorte universiteitsidees teenoor mekaar; ŉ Christelike universiteit en ŉ neutrale universiteit. Ek verwys na die Christelike universiteit as ŉ eenheidsuniversiteit en na die neutrale universiteit as die veelheidsuniversiteit. Die eenheidsuniversiteit is ŉ universiteit met ŉ eenheidskarakter of begronding. Dit kan byvoorbeeld ŉ universiteit wees wat gekenmerk word deur ŉ Lutherse, Rooms-Katolieke, Protestante of selfs Kommunistiese eenheidskarakter. Die eenheidsuniversiteit kyk vanuit hulle lewensvisie na die veelheid van vakwetenskappe. Daarom is selfs die lewensvisie van die professor in biochemie vir die universiteit belangrik.

Die veelheidsuniversiteit noem Stoker (1935:25) die neutrale universiteit. By die neutrale universiteit word enige dosente aangestel, maak nie saak wat die dosente se geloof of lewensvisie is nie. Daar is by die universiteit geen bindende faktor vir onderrig nie. Hierdie verskeidenheid lewensvisies onder die dosente bring by studente groot verwarring. As ŉ beginner in ŉ wetenskap kan die student nie die veronderstelde beginsels van die dosente peil nie en ook nie die konsekwensies daarvan deurdink nie. As die student die sogenaamde neutrale universiteit verlaat, sal hy van verskillende dosente met verskillende lewensvisies verskillende prinsipiële oortuiginge oorgeneem het en sal gevolglik meestal so bederf en verbrou wees dat hy, nieteenstaande al die besondere kennis van die verskillende vakke, nie ŉ eenheid van lewensbeskouing hê nie.

Volgens Stoker (1935:26) stap ŉ student meer verward uit ŉ neutrale universiteit uit as wat hy daar ingestap het, die student se "kennis veronderstel botsende beginsels, hy sal met homself in stryd wees". Die student is nie meer ŉ mens uit een stuk nie. Die eenheid van karakter en persoonlikheid vereis akademies die eenheid van beginsels, die eenheid van lewensvisie en

geloof. Die gevolg van die neutrale universiteit se onderrig is dat die student later ŉ leier sal wees in sy gebied van spesialisasie, maar ŉ meerslagtige leier. ŉ Leier wat nou in hierdie koers gaan en dan weer in daardie koers. Die neutrale universiteit kweek, volgens Stoker (1935:27), as't ware die opportunistiese leiers van die toekoms.

ŉ Opportunis beskryf Stoker (1934:1) as ŉ persoon wie se loopbaan gekenmerk word deur koersloosheid of deur veranderlikheid van koers. Vir ŉ opportunis regverdig nuwe omstandighede en nuwe geleenthede ŉ verandering van koers. Stoker verduidelik ook dat die universiteit nie al die blaam of eer kan kry vir die vorming van studente nie, studente word ook gevorm deur hul ouers, skole, vriende, ens.; tog sê Stoker (1934:9) dat die opportunis die produk van ŉ neutrale universiteit is. Stoker (1934:9) verduidelik dat die mees innerlike tendens van die neutrale universiteit is om opportuniste te kweek. Neutrale universiteite wat nie vanuit ŉ eenheidsbeginsel onderrig nie, onderrig studente vanuit ŉ veelheidsbeginsel, waardeur die objektiewe karakter van beginsels ontken word. Die studente wat by die neutrale universiteite studeer word dan geleer om alle beginsels gelykwaardig te stel. Die student sal dan in sy beroep en lewe ewe maklik telkens en weer een beginsel verruil vir ŉ ander beginsel. Soos wat die omstandighede verander so verander, die opportunis se beginsel (Stoker, 1934:6).

### *4.2 Die aard en taak van die universiteit*

Kardinaal Newman (1886:19) sê in sy groot werk "*The idea of a university*" dat die naam 'universiteit' dui op die onderrig van universele kennis. Verder sê Newman word die naam universiteit baie wispelturig gebruik en wat ook-al die oorspronklike betekenis van die woord 'universiteit' was, is onbekend. "*I am only putting on it its popular, its recognized sense, when I say that a University should teach universal knowledge.*" (Newman, 1886:20).

Stoker se gedagtes oor die aard en taak van ŉ universiteit kan nie geskei word nie. Om Stoker se gedagtes rondom die aard van die universiteit te verstaan moet verstaan word wat Stoker met die woord universiteit bedoel en wat hy nie as ŉ universiteit sien nie. Volgens Stoker (1932:2-4) het die oorspronklike woord vir universiteit *communitas* beteken. ŉ *Communitas* is ŉ korporasie of ŉ gilde van dosente en studente. Hierdie *communitas* se doel was, volgens Stoker, om eenheid en samehorigheid te bevorder. Later het die universiteit se betekenis verander na universitas scientiarum. Hierdie betekenis het teruggeslaan op die gehele omvang van wetenskappe. Die aard en doel van ŉ universiteit is volgens Stoker om die eenheid van die wetenskappe te bevorder. "Hierdie idée is gerig op die omvattendheid en

eenheid van sy voorwerp van ondersoek en nie op die moontlike standpunte en die konglomeraat van teenstrydige menings nie. Hierdie ideaal van die eenheid van die wetenskap mag die universiteit nie uit die oog verloor nie. ŉ Universiteit moet dus, prinsipieel beskou, die wetenskap alomvattend en as eenheid bevorder deur navorsing en dosering." Neutrale opleiding mag byvoorbeeld, volgens Stoker, nie ŉ universiteit genoem word nie, omdat dit die eenheid van die wetenskappe prysgee.

Volgens Stoker (1969a:23) is die taak van die universiteit besonder ingewikkeld wat ook uit die volgende opsomming van sy gedagtes rondom die taak van die universiteit blyk. Stoker (1969a:24) beskryf die taak van die universiteit as die uitbouing van wetenskap of navorsing ter wille van die deelname aan die waarheid en om deur die uitbouing van die wetenskap en navorsing ŉ diens aan die samelewing te bied. Die universiteit moet die student se wetenskaplike begrip vorm met betrekking tot ŉ totaalvisie van die wetenskap, die universiteit se lewens- en wêreldbeskouing en rondom spesiale vraagstukke in bepaalde wetenskappe.

Die universiteit het ook die taak, volgens Stoker (1969a:24), om studente akademies te vorm, in die algemeen en ook vir ŉ bepaalde beroep. Universiteite wat werk vanuit ŉ eenheidsbeginsel behoort studente se persoonlikheid en karakter te vorm en daarmee saam by studente ŉ besef om as verantwoordelike leiers in die samelewing op te tree tuisbring. Universiteite moet studente ŉ bepaalde kulturele en geestelike onderbou bied en studente onderrig om in hul roeping en beroep tot verheerliking van God te leef. Laastens moet universiteite ook sertifikate, diplomas en grade aan studente uitreik wat dien as waarborg vir die samelewing dat ŉ persoon ŉ bepaalde peil van prestasie bereik het.

Vanuit Stoker se idee van die universiteit is daar egter twee take van die universiteit wat uitstaan: Dat die universiteit vanuit ŉ eenheidsbegronding moet onderrig en tweedens dat die universiteit in diens staan van ŉ bepaalde gemeenskap. In ŉ universiteit met ŉ spesifieke eenheidsbegronding word ŉ spesifieke wetenskap bevorder. ŉ Spesifieke wetenskap is alleen spesifiek in die sin dat vanuit die verskillende a priori vertrekpunte van die eenheid van die waarheid en kennis, dit net een definitiewe vertrekpunt neem. Dit is weer universeel omdat alle feite, alle beginsels, alle waardes, alle objektiewe data gesien en bestudeer word vanuit hierdie idee van eenheid (Stoker, 1933:123). Die idee van ŉ eenheidsbegronde universiteit of spesifieke universiteit vereis en veronderstel die eenheid van die waarheid. Aan die anderkant word die universele nie gevind in die toelating van alle mense, alle tale, alle skole van denke of alle belydenisse nie, maar die universele is

geleë in die ondersoek van alle probleme, van alle feite, van alle beginsels, van alle waardes en van alle realiteite in een waarheid (Stoker, 1933:24). Wetenskap moet, volgens Stoker (1933:122), die soeke na die eenheid van die waarheid wees. Dit geskied deur die aanvaarding van 'n a priori beginsel dat die realiteit eenvormig is (Stoker, 1933:122).

Die tweede taak van 'n universiteit wat vanuit Stoker se idee daarvan uitstaan, is dat 'n universiteit in diens van 'n gemeenskap staan. Deel van die taak van die universiteit beskryf Stoker (1969a:20) as die handhawing van die band tussen die universiteit en die samelewing. Universiteite en samelewing sê Stoker (1969a:21) hoort bymekaar. Volgens Stoker (1969b:456) is die universiteit meer as net akademie. 'n Universiteit is nasionaal gebonde, terwyl die beoefening van die wetenskap internasionaal is. 'n Universiteit ontstaan volgens Stoker (1969b:456) uit 'n volk, vorm die brandpunt van die volk se kulturele lewe, leef saam met 'n volk, bevorder die volk se taal, gee aan die volk kulturele leiding, is 'n kragbron vir die volk, dien die volk en vorm ook die volk se leiers.

### *4.3 Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as eenheidsbeginsel van die universiteit*

Naas en teenoor neutrale universiteite staan die universiteite wat elk van 'n bepaalde standpunt en geestesrigting uitgaan (Stoker, 1969a:19). Stoker het die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as eenheidsbeginsel van die universiteit onderskryf. Met Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing bedoel Stoker (1933:126) 'n lewensvisie wat ontwikkel vanuit die Reformasie se denke rondom die vryheid van die gewete, vryheid van ondersoek en geloof in die Woord van God. Volgens die Calvinistiese lewensvisie het die kerk nie die reg om vir die wetenskaplike voor te skryf hoe om sy navorsing te doen nie. Die navorser is ook gebind aan die waarheid wat geopenbaar word in die skepping en die Skrif. Die Calvinistiese denker speel nie geloof af teenoor die waarheid nie, maar hy soek eerder ernstig die waarheid, waar hy dit ook-al kan kry, in die skepping of in God se Woord (Stoker, 1933:127). Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing is gekant teen die idee dat 'n bietjie geloof en 'n bietjie wetenskap vermeng word (Stoker, 1933:122). Die Calvinistiese beskouing van soewereiniteit in eie kringe geld ook in hierdie geval, dat elke wetenskap soewerein is in sy eie gebied. Hierdie beginsel sluit nie die gesprekvoering tussen die wetenskaplike en die teoloog uit nie.

Stoker (1969b:462) stel dat elke Christen-akademikus moet kies tussen die skolastieke dualisme en die Calvinisme. Volgens Stoker bestaan daar 'n Rooms-Katolieke en Protestantse skolastiek. Die skolastieke leer handhaaf

die leer van die twee terreine; die terrein van die genade wat geloof, godsdiens, kerk, teologie en sedelike lewe insluit, en die terrein van die natuur wat die natuurlike lewe, ekonomie, reg, volk, staat, vakwetenskap en wysbegeerte insluit.

Binne hierdie skolastieke denke word gepoog om die terrein van genade Christelik te hou, maar dat die natuur religieus neutraal is. Die skolastiek wil dan nie van Christelike vakwetenskap of iets soos Christelik wysbegeerte weet nie. Stoker (1969b:463) toon aan dat die Calvinisme radikaal gebreek het met die skolastieke twee-terreineleer. Volgens die Calvinistiese lewens-en-wêreldbeskouing is alles uit, deur en tot God, geld die soendood van Christus vir die hele lewe, God se lig moet op alle lewensterreine skyn, die mens staan in sy doen en late onder God se roepingsbevel, in alles moet die mens die eer en verheerliking van God soek en geen gebied word deur die Calvinis religieus neutraal gesien nie.

Kritiek teen die Calvinistiese eenheidsbeginsel dat dit sektaries is, wys Stoker (1933:127) af deur aan te toon dat die neutraliteitsdenke rondom wetenskap en die holistiese denke rondom wetenskap dan net so sektaries is as die Christelike denke rondom wetenskap. Enige universiteit wat universeel onderrig en navorsing doen kan nie as sektaries beskou word nie.

### *4.4 Die universiteit in diens van ’n bepaalde gemeenskap*

Dit is veral Stoker se gedagtes oor die gemeenskap wat veroorsaak het dat sommige akademici hom bestempel het as apartheidsfilosoof (Van der Walt, 2013:5). Stoker se gedagtes oor ’n gemeenskap was egter lank voor die apartheidsbedeling gevestig. Stoker (1933:121) verduidelik dat die geskiedenis duidelik aantoon hoe ’n universiteit in diens staan van ’n bepaalde gemeenskap. Gemeenskapsfaktore en die medium van onderrig is nie toevallighede nie. Die “*lokaler Geist*” van ’n universiteit is belangrik en kan eenvoudig nie net so vervang word nie. ’n Duitse universiteit kan nie net sommer ’n Engelse universiteit vervang nie (en vice versa). Die gemeenskapsuniversiteit het ook volgens Stoker (1933:121) die rol om die gemeenskap se kulturele skatte in bewaring te hou. ’n Gemeenskap sonder universiteite kan volgens Stoker nie voortbestaan nie.

Stoker het van die begin van sy akademiese loopbaan ’n helder verstaan van gemeenskap gehandhaaf wat hy ook tot sy dood in 1993 nog gehonoreer het. In ’n artikel met die tema “*Waarom wil die P.U.K. vir C.H.O. ’n Christelike universiteit wees?*” skryf Stoker (1935:30) dat ’n Christelike universiteit met ’n Christelike gemeenskap in noue voeling sal staan. Volgens Stoker sal

daar bande wees van wedersydse liefde, vertroue en belangstelling tussen ŉ universiteit en sy gemeenskap wat in mekaar se diens staan, "die een gee aan die ander sy kinders en ondersteuning, en die ander aan die een sy leiers". Die ideaal moet dan ook wees dat hierdie universiteit aan die gemeenskap gee, sy ministers, sy hoofregters, sy regters, sy advokate, sy prokureurs, sy joernaliste, sy onderwysers, en ander gemeenskapsleiers wat die gemeenskap reg lei en reg dien.

Stoker (1935:30) het ŉ noue verband getrek tussen die voortbestaan van die P.U.K. vir C.H.O se Christelike karakter en sy gemeenskapskarakter. Stoker (1935:30) sê:

> Ons het op die vraag: Waarom wil die P.U.K. vir C.H.O ŉ Christelike universiteit wees? verskillende antwoorde gegee. Die laaste antwoord is: Omdat die oprigters en ondersteuners hulle deur hulle geloof en in hul gewete verplig weet om vir die eer van God op alle terrein van die lewe en ook op universitêre en wetenskaplike gebied, asook tot heil van die gemeenskap, en tot nakoming van die doopbelofte, ŉ Christelike universiteit op te rig en in stand te hou.

Volgens Stoker (1935:31) is die P.U.K. vir C.H.O. gestig met die doel om Christelike wetenskap te beoefen onder beligting van die Woord van God. Stoker beskryf verder die P.U.K. vir C.H.O. as ŉ suiwer Afrikaanse universiteit. Stoker het dit uitgelig dat die P.U.K. vir C.H.O. ten volle aan die historiese karakter van die gemeenskap tot wie hy in diens staan, verantwoordelik is en daarom kon hierdie inrigting volgens Stoker prinsipieel en histories aanspraak maak op die naam "Afrikaanse Universiteit."

Stoker se gedagtes oor ŉ gemeenskapsuniversiteit moet egter nie verstaan word as ŉ entiteit op sy eie los van die staat, volk, kerk of gesin nie. Stoker (1941:172) verduidelik die verband tussen die staat, volk, kerk, skool, universiteit en gesin met twee begrippe: leenfronte en aksiefronte. Leenfronte verduidelik Stoker met byvoorbeeld twee verbande soos die staat en die universiteit. Die staat self is geen wetenskaplike instituut nie, en vorm ook self nie wetenskap nie. Die staat kan net wetenskaplike resultate van byvoorbeeld wetenskaplikes by universiteite leen en gebruik. "Hierdie lenery is vir die lener noodsaaklik. Dit wat geleen word gee die een wat uitleen vrywillig. Hier het ons vrye wisselwerking, — in normale omstandighede. Hierdie vrye wisselwerking is universeel, d.w.s. elke menslike verband leen van al die ander wat hy nodig het, en skep daardeur in homself ŉ universele samehang van leenfronte." Tussen die universiteit en die ander verbande is daar dus noodwendige samewerking.

Stoker beklemtoon egter nie net die noodwendige samewerking tussen verbande nie, maar ook die eis van samewerking. Met die begrip aksiefront bedoel Stoker (1941:173) dat daar ook van ʼn verband soos ʼn staat of ʼn universiteit verwag word om tot aksie oor te gaan en nie net bloot te leen van ander verbande nie. Die staat kan dus byvoorbeeld verwag van die kerk, skool, gesin, volk en universiteit om mense tot gehoorsaamheid aan die owerheid te maan. Deel van die wesensverstaan van die gemeenskapsuniversiteit is die wisselwerking tussen die universiteit en die ander verbande. Hierdie wisselwerking tussen die universiteit en ander verbande is dus nie opsioneel of selfs noodwendig nie, maar ʼn eis tot samewerking.

## *4.5 Die Calvinisme as wortel van die Afrikanergemeenskap*

Stoker (1967:323) verduidelik dat die Afrikanergemeenskap se wortel van bestaan gesetel is in die Calvinisme. Volgens Stoker (1967:328) het die Afrikanergemeenskap ontwikkel vanuit die Calvinisme en vind sy identiteit vanuit die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Stoker sê:

> Die oorspronklike koloniste, die latere Hugenote en ander immigrante, waaruit ons volk ontstaan en geword het, het (globaal gespreek) met ʼn Calvinistiese lewenshouding en ʼn Calvinistiese Godsgeloof en lewens- en wêreldbeskouing – met ander woorde, met ʼn Calvinistiese geestelike-erfenis gebore en het hiermee grootgeword. By soveel ander volke het die Calvinisme eers bygekom toe hulle reeds eeue bestaan het.

Stoker (1967:324) beskryf die eerste fundamentele beginsel van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as die leer dat “Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge, Syne is die heerlikheid tot in alle ewigheid” (Rom. 11:36). Alle dinge staan in diens van God, die hele wêreld, die hele skepping; ook die mens met sy godsdiens, kultuur, sy bou van taal, wetenskap, ekonomie, regsvorming, kerk, staat, politiek, volksbou, gesinsvorming, skole, universiteit, alle aspekte van die lewe staan in diens van God. Stoker (1967:325) verduidelik dat alles aan God behoort en in sy diens moet staan. Christus is dus nie net die Verlosser en Saligmaker van die in sonde-gevalle mens nie, maar ook Herskepper van die ganse heelal. Christus is Koning op alle terreine van menslike bedrywighede en nie net van sy Kerk nie. Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing sien volgens Stoker (1967:325) die noodsaak van ʼn totalitêre Christendom in alle konsekwensies raak en verval in nie ʼn parsiële of seksionele Christendom, wat die Christendom slegs beperk tot kerk, godsdiens en die sedelike nie.

Teen hierdie agtergrond moet Stoker se denke oor die Afrikaanse gemeenskapsuniversiteit verstaan word. Stoker (1967:125) beskou taal as ʼn gawe van God en nie as ʼn toevalligheid nie. Stoker beskryf taal as

ʼn geskenk van God wat soos enige ander gawe nie verwaarloos mag word nie, maar uitgebou moet word. Die uitbouing van ʼn taal noem Stoker (1967:162) die beheersing van jou gawes. Om te heers oor die skepping is die roepingsopdrag van God aan die mens. Stoker (1967:162) beskryf die suigeling se poging om taalklanke uit te bring en te herhaal as poging om te heers oor die skepping. Die afgee van ʼn mens se taal of die doelbewuste verswakking van ʼn mens se taal is dus in wese onverantwoordelik teenoor God se opdrag om te heers oor die skepping, omdat wat God gee nie geag word ʼn gawe van God nie, maar as ʼn toevalligheid of ʼn menslike verskynsel wat nie deur God beskik is nie.

### *4.6 Oopheid en akademiese vryheid van die gemeenskaps-universiteit*

Die laaste gedagte wat ʼn belangrike ontwikkeling binne Stoker se eie denke was, is sy gedagtes van die oopheid en dan ook die oopheid wat binne ʼn universiteit behoort te bestaan. Deurdat Stoker veral in die eerste paar jaar van sy lewe as jong dosent gefokus het op die uitbouing van die P.U.K. vir C.H.O se karakter binne die eenheidsbeginsel van die Calvinisme, het Stoker in hierdie fase van sy akademiese loopbaan (1925-1940) relatief min tyd bestee aan die gedagte van oopheid binne die universiteit. Stoker het egter in sy akademiese werk nie ʼn geslote houding gehandhaaf teenoor andersdenkendes nie, juis omdat hy onder die fenomenoloog Max Scheler gestudeer het. Scheler het ʼn totaal anders sienswyse as Stoker gehandhaaf. Stoker het later in sy lewe, in 1964, begin werk aan die gedagte van oopheid binne ʼn universiteit, sonder om die gedagte van die eenheidsbeginsel prys te gee.

Ontiese oopheid is vir Stoker (Raath, 1994:539)[4] die oopheid van die openbaring van God, dit geld ook vir die ongelowige. Onties oop is die kreatuurlike van die kosmos en van die wetenskaplike en van die wetenskap wat alle -ismes verbied. Onties-oop is die radikale verskeidenheid wat deur God as sodanig geskape is en hulle samehang wat alle antinomieë, reduksionismes en paradokse verbied. Met onties bedoel Stoker om eindelik deur te dring tot daardie wonderstruktuur van ʼn samehang van ʼn verskeidenheid wat radikaal verskillend is, iets wat die mens se verstand te bowe gaan. Die doel dan van die Christelike oop-gemeenskapsuniversiteit is volgens Stoker om met indringende navorsing, soveel as moontlik die wonderstruktuur van die kosmos bloot te lê; nie om die wonder weg te

4 Raath het die oopheidslesing van Stoker oor die oopheid van hart getranskribeer met notas.

verklaar nie, maar om die wonder tot openbaring te bring. In Stoker (Raath, 1994:537) se oopheidslesing oor die oopheid van die hart sê Stoker die volgende oor andersdenkendes:

> Dit is moeilik om ŉ ander man te verstaan – iemand wat anders dink as jy – hom reg te verstaan en nie sommer daarvan ŉ paar modellyne te maak en dan met ŉ paar mokerhoue inmekaar te slaan nie. Jy moet hom reg verstaan. Die antitese van die anderskennende teenoor my, gekonfronteer daarmee, eis van my dat ek my eie kontekste, my eie oorsigte, my eie veronderstellings krities hertoets en herwaardeer, want ek kan verkeerd wees. Dit is oopheid van Christelike wetenskap.

ŉ Perspektief op Stoker se denke oor oopheid is sy onderskeiding tussen vier kritieke op andersdenkendes: transendente kritiek, immanente kritiek, transendentale kritiek en eksheretiese kritiek (Stoker, 1969b:458-459).

Transendente kritiek is die metode van kritiek waar ŉ persoon vanuit sy eie standpunt en eie veronderstellings andersdenkendes se teorieë kritiseer. ŉ Voorbeeld hiervan is ŉ persoon wat glo in God Drie-enig en daaruit die Kommunisme bloot verwerp, omdat dit ateïsties van aard is (Stoker, 1969:458).

Immanente kritiek lê daarin dat ŉ persoon die vermoë het om innerlike teëspraak, inkonsekwensies, meersinnige woordgebruik, ongeldige afleidings, spronge in redenering en logiese denkfoute in teorieë van andersdenkendes te kan ontbloot. Hierin sien ons reeds ŉ gespreksbasis met andersdenkendes (Stoker, 1969b:458).

Met transendentale kritiek dring ŉ persoon deur tot die basiese veronderstellings waaruit ŉ betrokke stelsel uitgaan tot die religieuse grondmotief van die persoon. Die persoon se religieuse grondmotief word dan ontbloot deur aan te toon hoe die religieuse grondmotief as veronderstelling die betrokke teorie in antinomieë en dialektiese spanning laat verval (Stoker, 1969b:459).

Die eksheretiese kritiek, afgelei van die Griekse woord “exaireoo” wat uitkies beteken, gaan uit van die veronderstelling dat die beoefening van wetenskap deur God aan die mensheid gegee is en nie net aan Christene nie. Dus het Stoker (1969b:459) verstaan dat geen teorie bloot op loutere onwaarheid alleen gebou kan word nie, maar dat elke teorie van andersdenkendes op een of ander wyse waarheidsmomente bevat. Met die eksheretiese kritiek op teorieë van andersdenkendes probeer mens om volgens Stoker (1969b:459) deur te dring tot die waarheidsmomente van andersdenkendes, die waarheidsmomente as’t ware uit te lig of uit te kies en dan deel te maak van mens se eie teorie of stelsel.

Die oopheid van enige akademikus moet volgens Stoker (1969b:468) ook daarin geleë wees dat mense sondaars is en daarom is indringende selfkritiek noodsaaklik. Verder is regverdige kritiek op andersdenkendes ook belangrik. Hierdie regverdige kritiek sluit volgens Stoker (1969b:469) samewerking met andersdenkendes in, maar sonder die prysgawe van eie beginsels. Die rede waarom daar samewerking met andersdenkendes moet wees, is omdat die mensdom tot wetenskapbeoefening geroep word en nie net die Christene nie.

Binne die oopheidsgedagte van Stoker bring hy egter ook weer ŉ bepaalde afgrensing. Hierdie afgrensing kom veral duidelik na vore in Stoker se verduideliking van akademiese vryheid. Binne die akademiese vryheid kry mens hoofsaaklik volgens Stoker (1969b:472) twee verstaansmoontlikhede: Die eerste verstaansmoontlikheid is 'veritas ex libertas', met ander woorde van vryheid tot waarheid, wat vryheid dan die grond van die waarheid maak. Die tweede verstaansmoonlikheid wat Stoker noem is 'libertas ex veritate', met ander woorde dat die vryheid uit die waarheid voortvloei. Hierdie tweede moontlikheid is om te aanvaar dat daar ŉ absolute waarheid is, byvoorbeeld God en Christus as die Waarheid. Binne Christelike wetenskap moet die mens algemene waarhede eerbiedig wat sy doen en late lei. Volgens Stoker (1969b:473) veronderstel vryheid waarheid en dat die waarheid vrymaak. Die dosente kan dus nie akademiese vryheid los van die waarheid beoefen nie.

## 5. Gevolgtrekking

Die huidige krisis wat Afrikaanse universiteite beleef, is ŉ wêreldkrisis en nie net ŉ plaaslike krisis nie. Die Afrikaanse universiteite het wel ŉ dubbele slag getref met die regeringsoorgang van 1994, asook die huidige wêreldkrisis in die universiteit, waarin universiteite verander het in multiversiteite en die idee van ŉ universiteit grotendeels verlore geraak het. Die wonderlike van ŉ krisis is dat dit ŉ mens dwing om te dink, redeneer en om oplossings te soek. Die goeie uit die krisis is dat die Afrikaanse gemeenskap weer begin dink en saam met die voorste akademici in die wêreld die krisis van ons tyd duidelik kan uitwys, maar meer nog moontlike oplossings bied op die krisis.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die ondersoek na die wese van ŉ universiteit vanuit ŉ Christelike wetenskaplike benadering nodig is. H.G. Stoker wat natuurlik nie teen die huidige antitese van die tyd geskryf het nie, bied egter ŉ raamwerk waarbinne ŉ gemeenskapsuniversiteit bedink kan word. Stoker stel twee belangrike take van ŉ Christelike universiteit: Eerstens dat

dit onderrig vanuit ŉ eenheidsbeginsel en tweedens dat dit ŉ diens aan ŉ bepaalde gemeenskap bied.

Stoker toon aan dat die twee take nie van mekaar geskei kan word nie. Soos aangetoon in die artikel kan die Afrikaner-gemeenskap se begronding van ŉ universiteit slegs teruggetrek word na die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, omdat die Afrikaner se wortel van bestaan vanuit die Calvinistiese denke ontwikkel het. Stoker se groot bydrae tot die denke oor die gemeenskapsuniversiteit is sy denke oor oopheid binne die universiteit. Stoker het binne die tydperk van 1964-1981 veral die gedagte van oopheid binne ŉ Christelike gemeenskapsuniversiteit bedink. Die waarde van Stoker binne die huidige krisis in die universiteite is dat hy ŉ raamwerk vir Christelike akademici bied om weer die gemeenskapsuniversiteit te bedink los van die staat, as ŉ samelewingsverband op sy eie.

## Bibliografie

BOTMAN, H. R. 2011. The case for the relevant university. *SAJHE*, 25(1) p. 14–21.

BREMMER, R. H. 1966. *Herman Bavinck en zijn tijdgenoten*. Kampen: J. H. Kok N.V. Kampen.

CORREIA, D.V. 2014. Die multiversiteit: ŉ Ideologiekritiese studie van Clark Kerr se pluralistiese universiteitsidee. Verhandeling: NWU.

GILIOMEE, H. 2014. Die troebel toekoms van die Afrikaners en Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):571-595.

GLANZER, L. 2012. The Missing Factor in Higher Education. *Christianity Today*, March 2012:19-23.

GOOSEN, D. 2014. Afrikaanse universiteite en ŉ plurale demokrasie. http://www.standpunte.co.za/afrikaanse-universiteite-en-n-plurale-demokrasie/, besoek 31 Januarie 2015.

HEIDEGGER, M. 1962. *Being and Time*. (J. Macquarrie en E. Robinson.) Trans. Sein und Zeit. New York:SCM Press.

HEYNS, M. 2013. The economistic university: a brave new paradigm? *Phronimon* 14.2 (2013): 1-24.

KERR, C. 2001. *The uses of the university*. New York: Harvard University Press.

MACINTYRE, A. 2006. The end of education: the fragmentation of the American university. *Commonwael CXXXIII*, 18 (20 October 2006):10-14.

MALAN, K. 2014. Taalverval met besondere verwysing na die ideologieë en praktyke van verstaatliking. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3):462-480.

MARION, J. 2013. The Universality of the University. *Communio: International Catholic Review*, 40(Spring 2013):68-82.

MAY, S. 2001. *Language and minority rights: Ethnicity, nationalism and the politics of language*. Halow, England: Longman.

NEL, C. 2014. Blade: 'Ek sal julle toemaak'. Afrikaanse universiteit 'mag niemand weier' oor taal. *Rapport*, Sondag 30 November 2014.

NEWMAN, J.H. 1886. *The idea of a university defined and illustrated*. Londen: Longmans, Green, and Co.

RAAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O. 1935. Die Potchefstroom Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys. Potchefstroom: Raad van die P.U.K. vir C.H.O.

RAATH, A. 1994. Oopheid van die hart – die kroon op die lewensarbeid van H.G. Stoker (4 April 1899 – 16 Mei 1993). *Koers*, 59(3&4):529-557.

SCHINDLER, D.C. 2013. On the Universality of the University: A response to Jean-Luc Marion. *Communio: International Catholic*, 40(Spring 2013):77-99.

SCHUTTE, G. . 2005. De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

STOKER, H. G. 1925. Das Gewissen. Bonn: Cohen.

STOKER, H. G. 1930. Calvinisme, wetenskap, universiteitswese en die Vrije Universiteit in Amsterdam. (In: *Stoker versamelde werke* 2.1.19.24)

STOKER, H. G. 1932. Calvinisme en die universteitwese. (In: *Stoker versamelde werke* 5.4.2.3)

STOKER, H. G. 1933. A self-contradictory university. *The Critic*, 2(2): 121-129.

STOKER, H. G. 1934. Kweek die neutrale universiteit opportunistiese volksleiers? *Koers*, 1(5):1-9.

STOKER, H. G. 1935. Waarom wil die P.U.K. vir C.H.O. 'n Christelike universiteit wees? (In: Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, uitgegee deur die Raad van die P.U.K. vir C.H.O., 1935, bl. 25-31.)

STOKER, H.G. 1941. *Stryd om die Ordes*. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

STOKER, H.G. 1967. *Oorsprong en rigting*, band 1. Kaapstad: Tafelberg uitgewers.

STOKER, H.G. 1969a. *Beginsels en metodes in die wetenskap*. Johannesburg: Boekhandel De Jong.

STOKER, H. G. 1969b. Die Christelike universiteit en akademiese vorming. *Koers*, 36(6):456-476.

VAN DER VYVER, G.C.P. 1969. *My erfenis is vir my mooi*. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

VAN DER WALT, B.J. 2013. H.G. Stoker (1899-1993) as Christelike filosoof: ŉ Historiese legende en ikoon, of nog steeds ŉ kontemporêre mentor? *In die Skriflig*, 47(1): 1-15.

VENTER, J.J. 1978. De taak van de universiteit in historisch perspectief. In: Brügemann-Kruijff, A. Th. *et al.* (Reds). 1978. *De taak van de universiteit: wijsgerige opstellen over de universiteit*. Amsterdam: Van Gorcum Assen.